

NICOMAX 75 WG

BEFORE USING THIS PRODUCT, READ THE LABEL CAREFULLY

GEbruiksAANwysings INGESLUIT
VERWYS NA BESONDERHEDE
SOOS OP HOUER / SAK GEDRUK

Loonommer
 Datum van vervaardiging

NICOMAX 75 WG

Reg. No. L8038, Act/Wet No. 36 of/van 1947

1: 15/02/2007

A water dispersible granule post-emergence herbicide for selective control of various weeds as listed in maize.

'n Waterdispergeerbare korrel na-opkoms onkruidodder vir selektiewe beheer van verskeie onkruides soos aangedui in mielies.

HRAC HERBICIDE GROUP CODE	B	HRAC ONKRUIDODER GROEPPKODE
ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDEEL		
Nicosulfuron (sulfonylurea)	750 g/kg	Nicosulfuron (sulfonielureum)

Registration Holder / Registrasiehouer
Meridian Agrochemical Company (Pty.) Ltd. / (Edms.) Bpk.
 Reg. No. 2000/010819/07
 P.O. Box / Posbus 436, Modderfontein, 1645, South Africa / Suid-Afrika

DIRECTIONS FOR USE ENCLOSED
REFER TO DETAILS AS PRINTED
ON CONTAINER / BAG

Batch Number
 Date of manufacture

60g



UN Number: 3077



CAUTION / VERSIGTIG



WARNINGS

- Allow 60 days between application and harvest of maize.
- Store in a cool, dry place out of direct sunlight.
- Store away from food, feed, fertilizer and other agricultural products.
- Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
- Should the recommended dosage be exceeded, crop damage may result with consequent yield reduction.
- May cause eye irritation.
- **NICOMAX 75 WG** is safe to all important varieties of commercial maize. More susceptible cultivars may be released in future which need to be tested; for this apply **NICOMAX 75 WG** to a limited test area before commercial applications are made, or contact your distributor.
- **Re-entry** – Do not enter treated area until spray deposit has dried unless wearing protective clothing.
- In case of any uncertainty, contact your distributor.

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be effective under all conditions. The activity and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the weed against the remedy, as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal, or for lack of performance of the remedy concerned due to failure by the user to follow the label instructions, or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS

- Avoid skin and eye contact by wearing protective clothing when mixing the product.
- Wash with soap and water after use and accidental skin contact as well as contaminated clothing.
- In case of eye contact, immediately flush with water.
- Wash contaminated clothing after use.
- Do not eat, drink or smoke while mixing or applying the product or before washing hands and face.
- Do not inhale spray mist and avoid contact with spray.
- Avoid drift of spray onto other crops, grazing, rivers, dams and areas not under treatment.
- **Clean applicator after use:** Special attention and care must be taken in cleaning all equipment used in the mixing and application of **NICOMAX 75 WG** to avoid possible damage to other crops. i) Drain tank completely and flush tank, boom, hoses and nozzles with ample clean water.
 - ii) Drain tank again and fill with clean water.
 - iii) Add household ammonia at a rate of 1 litre for every 100 litres of water.
 - iv) Bleed the entire system once again to ensure that the ammonia solution has filled all hoses, boom and nozzles.
 - v) Leave the ammonia solution in the system for approximately 1 hour before draining the tank and pipe system.
 - vi) Repeat steps iii) to v).
 - vii) Nozzles and filters should be removed and placed in an ammonia solution of the above concentration above for at least 1 hour.
 - viii) Contamination on mixing equipment should be washed with ammonia solution and any contamination on the outside of spraying equipment can be removed with clean water.
- Dispose of rinsate where it will not contaminate crops, grazing, rivers, dams and boreholes.
- Prevent contamination of food, feeds, drinking water and eating utensils. □ Destroy the empty container and do not use for any other purpose.

USE RESTRICTIONS

Where certain climatic conditions such as lengthy wet or cold weather prevail soon after application, can the use of **NICOMAX 75 WG** lead to temporary yellowing or stunting of the crop.

Follow-up crops after last application of NICOMAX 75 WG:

- The amount of **NICOMAX 75 WG** which remains (active) in the soil is dependent on the rate used, soil pH, organic matter content, time elapsed since last application, climatic and weather conditions following application.
-

Soil pH below 7.0		Soil pH above 7.0	
Crop	Months	Crop	Months
Maize	0	Maize	0
Cereals (wheat, barley, oats), Soybeans, Dry beans, Sunflowers	8	Cereals (wheat, barley, oats), Soybeans, Dry beans, Sunflowers	12
Sorghum and all other crops	12	Sorghum and all other crops	24

- **NICOMAX 75 WG** has a limited residual effect on germinating weeds, the control of which is affected by factors such as weed species, soil pH, organic material and soil moisture content.
- Under no circumstances should unused spray mixture be kept overnight.
- Do not apply **NICOMAX 75 WG** to maize which are growing under stress conditions (stress conditions can result from waterlogging, drought, cold weather conditions, disease, insect damage and nutrient deficiencies).

General:

- The residual action of **NICOMAX 75 WG** in the soil is influenced by soil moisture and therefore amount of rainfall and distribution thereof is important. For this reason, the withholding periods above are only valid if normal rainfall amount and distribution is experienced within the season of **NICOMAX 75 WG** application, between application and harvest. Withholding periods should be extended where insufficient rainfall or abnormal distribution thereof is experienced. A test planting is recommended in all cases.
- Soil moisture is essential for root uptake and residual effect on certain weeds. Application of **NICOMAX 75 WG** to dry upper soil surface or waterlogged soil conditions will have little or no residual effect. Under these conditions, certain weed species can regrow. Soils with a low pH value will cause **NICOMAX 75 WG** to break down more quickly, whereas soils with pH values above 6,5 or containing free lime will prevent the breakdown of **NICOMAX 75 WG** which can lead to a longer residual effect with possible consequences for follow-up crops.
- To avoid potential damage to follow-up crops, the waiting periods indicated above must be adhered to following application of **NICOMAX 75 WG**. A test planting is recommended in all cases.
- Prepare only sufficient spray mixture for immediate use. The mixture is usually stable for up to 6 hours. Unused spray mixture may not be kept overnight.
- Rain within 1 hour (or before the spray deposit has dried) of **NICOMAX 75 WG** application may result in reduced efficacy on emerged weeds.
- Apply only to weeds in the growth stage/s indicated below.
- Do not use **NICOMAX 75 WG** on crops which already show symptoms of soil borne diseases as the combination of disease and **NICOMAX 75 WG** application may result in stand loss.
- Temporary leaf yellowing and/or reduction in crop height may occur following **NICOMAX 75 WG** application. Under favourable growing conditions, the crop will recover quickly and yield should not be affected.
- Do not apply **NICOMAX 75 WG** to any crop or situation not mentioned in this instruction leaflet.
- Only apply **NICOMAX 75 WG** using an accurate and safe application technique.
- If **NICOMAX 75 WG** is used in a tank mix with other recommended remedies, consideration should be given to the restrictions of those respective products.
- Do not spray near fruit trees or any other desirable crop/plant within 50 m in any wind direction.

Factors affecting weed control:

Variable weed control or re-growth may occur should one or more of the following conditions occur:

- Do not apply to crops and weeds stressed by abnormal weather or growing conditions, drought, waterlogged soil, hail or wind damage, cold conditions, insect damage, nematode infections, diseases, nutritional deficiencies or crops under stress through prior use of other agrochemicals or for a period of 4 weeks thereafter.
- Should application of **NICOMAX 75 WG** take place later than the recommended stage of weed development.
- Do not apply **NICOMAX 75 WG** within 24 hours of a predicted cold front or if a cold front is present. Continue application only after normal day/night temperatures have set in.
- Inadequate spray coverage/penetration due to large soil clods and/or stone-covered soil.
- In situations of high weed density, ensure adequate coverage of all weeds with the spray mixture. High volume, ground application is preferable in such circumstances. Only weeds within the specified growth stage will be controlled.
- Weeds not controlled by minimum or mechanical tillage programmes will not be controlled.

RESISTANCE WARNING

For resistance management, **NICOMAX 75 WG** is a group code B herbicide. Any weed population may contain individuals naturally resistant to **NICOMAX 75 WG** and other group code B herbicides. The resistant individuals can eventually dominate the weed population if these herbicides are used repeatedly. These resistant weeds may not be controlled by **NICOMAX 75 WG** or any other group code B herbicide.

To delay herbicide resistance:

- Avoid exclusive repeated use of herbicides from the same herbicide group code. Alternate or tank mix with registered products from different herbicide group codes.
- Integrate other control methods (chemical, cultural, biological) into weed control programmes.

For specific information on resistance management contact the registration holder of this product.

The presence of resistant weeds is difficult to detect prior to use and therefore neither the Registration Holder nor the Distributor can accept responsibility for any losses as a result of **NICOMAX 75 WG** not controlling resistant weeds. Do not apply **NICOMAX 75 WG** alone in situations where weed resistance has been confirmed. Sub-standard application of **NICOMAX 75 WG** or other ALS inhibitor herbicides will lead to inferior weed control and may assist in development of herbicide resistance.

DIRECTIONS FOR USE:

Use only as directed.

MIXING INSTRUCTIONS

Pre-mix the **NICOMAX 75 WG** as follows:

- Count the number of sachets required according to the number of hectares to be treated and the spray tank capacity.
- Add the contents of the counted sachets into a bucket with water and mix, ensuring complete dispersion of the contents.

Half-fill the spray tank with suitable water. Only use water suitable for irrigation and avoid using water with high levels of chlorine. Adjust the water's pH to between 6,7 and 7,5 if necessary. Avoid using spray water with resistance lower than 300 ohms and electrical conductivity higher than 1,0 mS/cm. Pre-mix the required quantity of **NICOMAX 75 WG** in 5 – 10 litres of spray water as indicated above. Then add the pre-mixture to the water through a sieve while agitating. Rinse the pre-mixing bucket with water into the spray tank followed by the addition of the recommended quantity of surfactant. Finally, add the partner remedy as appropriate. Fill the spray tank to the desired volume. Should tank mixtures with other agrochemicals be made, follow the respective manufacturers' label recommendations. **Tank mixtures must be sprayed out immediately and not allowed to stand in the spray tank overnight.** Spraying equipment must be thoroughly flushed out at the end of the spraying operation as described above.

COMPATIBILITY

The compatibility of **NICOMAX 75 WG** with other products depends on the formulations of the respective products as well as the quality of the spray water to be used. As formulations change from time to time it is recommended that a physical compatibility test be done prior to the tank mixture being made. **NICOMAX 75 WG** must always be used in conjunction with a registered non-ionic surfactant such Break-Thru or Zapp. **NICOMAX 75 WG** is compatible with atrazine 500 SC.

- **Do not use NICOMAX 75 WG in combination with organophosphorous insecticide products.**
- **Do not use NICOMAX 75 WG following in-furrow applications of organophosphate granular insecticides such as terbufos and phorate.**

APPLICATION METHODS

Ensure that the equipment is correctly calibrated and is checked regularly during application to ensure even and accurate application.

GROUND APPLICATION

Tractor mounted boom sprayers may be used. A spray volume of 200 – 400 l/ha should be used for ground application and can be applied via solid- or hollow cone nozzles. **Constant agitation**

throughout the spray operation is essential. Only clean water should be used. Prevent overdosing by avoiding overlapping of swaths and closing the nozzles while starting, slow movement, turning and stopping.

RECOMMENDATIONS

CROP	NICOMAX 75 WG (g/ha)	TIMING OF APPLICATION
Maize (excluding seedmaize, sweetcorn and popcorn)	60 g/ha NICOMAX 75 WG per ha PLUS Non-ionic surfactant at recommended rate	<p>Early post-emergence application:</p> <ul style="list-style-type: none"> Apply post-emergence over the top when the maize is in the 2 – 5 leaf stage. Apply once weeds have emerged and are actively growing but do not yet exceed the maximum recommended growth stage. Do not use where organophosphorous insecticides have been applied to the crop or where use is anticipated. <p>Late post-emergence application:</p> <ul style="list-style-type: none"> Apply only as a directed spray when the maize is in the 7 – 10 leaf stage. Apply by means of drop arms in order to avoid spraying directly into the maize funnel. Ensure that target weeds receive adequate spray coverage. Apply once weeds have emerged and are actively growing but do not yet exceed the maximum recommended growth stage. Do not use where organophosphorous insecticides have been applied to the crop or where use is anticipated. <p>General: Best weed control will be obtained when application is made to weeds growing actively under stress-free environmental conditions. Re-growth of <i>Sorghum spp.</i> may occur when the maize crop is cultivated within 10 days before or after the application of NICOMAX 75 WG.</p>

Remarks

- NICOMAX 75 WG** may be added to normal atrazine 500 SC applications as required for the control of *Sorghum spp.* In the process all/most broadleaf weeds normally controlled by the atrazine 500 SC application will also be controlled with the mixture of atrazine 500 SC plus **NICOMAX 75 WG**.

Maize cultivars shown to be tolerant to **NICOMAX 75 WG** when applied post emergence over the top between the 2 – 5 leaf stage of the crop. This list is not exhaustive and other cultivars may be tolerant. A test application is recommended in such cases.

YELLOW CULTIVARS
PAN 6000Bt, PAN 6012Bt, PAN 6804, PAN 6114, PAN 6118, PAN 6026, PAN 6710, PAN 6734, PAN 6730, PAN 6364, PAN 6740, PAN 6310, PAN 6316, PAN 6314Bt, PAN 6326RR, PAN 6036Bt, PAN 6146, PAN 6480, PAN 6256, PAN 6616, PAN 6614, PAN 6568, PAN 6966 PHB 31B13, PHB 33A63, PHB 3335, PHB 33A14, PHB 33P66, PHB 3223, PHB 3394
WHITE CULTIVARS
PAN 6011, PAN 6017, PAN 6615, PAN 6823, PAN 6013Bt, PAN6825, PAN 6845, PAN 6029, PAN 6757, PAN 6061, PAN 413, PAN 67 PHB 32Y52, PHB 32H39, PHB 3203

GRASS WEEDS CONTROLLED BY NICOMAX 75 WG:

<i>Sorghum bicolor subsp. drummondii</i>	Wild grain sorghum	(up to 7 leaves)
<i>Sorghum halepense</i>	Johnson grass	(up to 7 leaves)
<i>Sorghum bicolor subsp. arundinaceum</i>	Common wild sorghum	(up to 7 leaves)
<i>Panicum schinzii</i>	Sweet buffalo grass	(up to tillering)
<i>Setaria pallide fusca</i>	Red bristle grass	(up to 4 leaves)

Rottboelia cochinchinensis

Guinea fowl grass

(up to 4 leaves)

BROADLEAF WEEDS CONTROLLED BY NICOMAX 75 WG:

Amaranthus thunbergii

Red pigweed

(up to 4 leaves)

Amaranthus deflexus

Perennial pigweed

(up to 4 leaves)

Cleome monophylla

Spindlepod

(up to 6 leaves)

Datura stramonium

Thorn apple

(up to 4 leaves)

Schkuhria pinnata

Dwarf marigold

(up to 3 leaves)

Tagetes minuta

Khakiweed

(up to 4 leaves)

Tribulus terrestris

Devil's thorn

(up to 4 leaves)

WAARSKUWINGS

- Laat 60 dae toe tussen toediening en oes van mielies.
- Bêre in 'n koel, droë plek weg van direkte sonlig.
- Bêre weg van voedsel, voer, kunsmis en ander landbouprodukte.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Indien die aanbevole dosis oorskry word, mag gewasskade voorkom met gevolglike laer oesopbrengs.
- Mag oog irritasie veroorsaak.
- **NICOMAX 75 WG** is sonder enige fitotoksiseitskade op die mees belangrikste kommersiële kultivars getoets. Meer vatbare kultivars mag in die toekoms vrygestel word wat eers getoets moet word; hiervoor moet **NICOMAX 75 WG** eers op 'n klein toetsoppervlakte aangewend word, alvorens groot kommersiële bespuitings gemaak word.
- **Herbetreding** – Moet nie behandelde lande betree alvorens die spuitneerslag droog is nie, tensy beskermende oorklere gedra word.
- In geval van enige onsekerheid, raadpleeg u naaste verspreider.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van die verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die onkruid teen die betrokke middel sowel as die tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordlikheid vir skade aan gewasse, plantegroei en die omgewing of nadelige invloed op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMATREËLS

- Vermy kontak met die vel en oë deur beskermende oorklere te dra wanneer die produk gemeng word.
- Was met seep en water na gebruik en toevallige velkontak.
- In geval van kontak met oë, spoel onmiddellik uit met water.
- Was besoedelde klere na gebruik.
- Moet nie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening van die produk of voordat hande en gesig gewas is nie.
- Moet nie die spuitnewel inasem nie en vermy kontak met spuitnewel.
- Verhoed dat die spuitnewel wegdryf na ander gewasse, weiveld, riviere, damme en plekke wat nie onder behandeling is nie.
- **Maak toedieningsapparaat skoon na gebruik:** Spesiale aandag moet gegee word aan die skoonmaak van alle spuittoerusting sowel as vermengingsapparaat na die toediening van **NICOMAX 75 WG** om moontlike skade aan ander gewasse te voorkom.
 - i) Dreineer spuittenk en spoel spuittenk, spuitbalk, pype en spuitpunte deeglik uit met genoegsame skoon water.
 - ii) Dreineer die spuittenk weer en hervul met skoon water.
 - iii) Voeg huishoudelike ammoniak teen 'n konsentrasie van 1 liter per 100 liter water by.
 - iv) Bloei die hele sisteem deur om te verseker dat alle pype, spuitbalk and spuitpunte met die ammoniakoplossing gevul is.
 - v) Laat die ammoniakoplossing in die spuittenk vir ten minste 1 uur staan voordat die sisteem gedreineer word.
 - vi) Herhaal stappe iii) tot v).
 - vii) Spuitpunte en filtreerders moet verwyder word en in 'n ammoniakoplossing soos hierbo genoem vir ten minste een uur gelos word.
 - viii) Kontaminasie op die mengapparaat moet ook met 'n ammoniakoplossing afgewas word, terwyl residue op die buitekant van spuittoerusting met water afgewas kan word.
 - ix) Verwyder die ammoniakresidue deur die spuitsisteem goed met skoon water te spoel.
 - Uitspoelwater moet nie gewasse, weiveld, riviere, damme en boorgate besoedel nie.
 - Voorkom die besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
 - Spoel die leë houer **drie keer** uit op die volgende manier: Keer die leë houer om oor die spuittenk of mengbak en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloei tot 'n drup verminder het. Spoel die leë houer daarna drie keer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10% van die inhoud van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer op die voorgeskrewe wyse vernietig word.
- Vernietig die leë houer, moet vir geen ander doel gebruik nie.

GEBRUIKSBEPERKINGS

Wanneer sekere klimaatstoestande soos lang, nat, koue weeromstandighede kort na 'n toediening voorkom, mag **NICOMAX 75 WG** tydelike vergeling en verdwering van die gewas veroorsaak.

Opvolggewasse na laaste toediening van **NICOMAX 75 WG**:

- Die hoeveelheid **NICOMAX 75 WG** wat in die grond (aktief) bly, is afhanklik van die dosis wat gebruik is, grond pH, organiese materiaalinhoud, tydsverloop sedert die laaste toediening, klimaats- en weerstoestande na die toediening.

Grond pH onder 7.0		Grond pH bokant 7.0	
Gewas	Maande	Gewas	Maande
Mielies	0	Mielies	0
Kleingraan (koring, gars, hawer), Sojabone, Droëbone, Sonneblom	8	Kleingraan (koring, gars, hawer), Sojabone, Droëbone, Sonneblom	12
Sorghum en alle ander gewasse	12	Sorghum en alle ander gewasse	24

- **NICOMAX 75 WG** het 'n beperkte residuele effek op ontkiemende onkruid. Die beheer van onkruid word deur faktore soos onkruidspesies, grond pH, organiese materiaalinhoud en grondvog bepaal.
- Onder geen omstandighede kan ongebruikte spuitmengsel oornag in die tenk gelos word nie. Moet nie **NICOMAX 75 WG** op mielies wat onderhewig is aan stremmingstoestande toedien nie. Stresfaktore kan versuiping, droogte, koue toestande, siekte, insekskade en voedingstekorte wees.
- Onder sulke toestande, raadpleeg u naaste tegniese adviseur vir spesifieke aanwysings.

Algemeen:

- Die residuele werking van **NICOMAX 75 WG** in die grond word deur grondvog beïnvloed en daarom is die hoeveelheid en die verspreiding van reën van uiterste belang. Vir hierdie rede is die bogenoemde wagperiodes net geldig indien normale hoeveelhede en verspreiding van reën binne die seisoen van die **NICOMAX 75 WG** toediening en tot voor oes geval het. Wagperiodes moet verleng word in gevalle van onvoldoende reën of abnormale verspreiding daarvan. 'n Toetsplanting word in alle gevalle aanbeveel.
- Grondvog is noodsaaklik vir wortelopname en nawerking op sekere onkruid. Die toediening van **NICOMAX 75 WG** op droë grondoppervlaktes of versuipde grondtoestande sal tot min of geen grondnawerking lei. Sulke toestande kan tot die hergroei van sekere onkruid lei. Gronde met 'n lae pH waarde bevorder die afbraak van **NICOMAX 75 WG** in die grond, wat tot korter nawerking kan lei. **NICOMAX 75 WG** is meer stabiel in gronde met 'n hoë pH (bo 6,5) of in grond wat vry kalk bevat. Dit kan lei tot 'n langer nawerking in die grond wat weer opvolggewasse kan beskadig
- Om moontlike skade aan opvolggewasse te vermy, moet die bostaande wagperiodes na toediening van **NICOMAX 75 WG** gevolg word. 'n Toetsplanting word in alle omstandighede aanbeveel.
- Maak slegs genoeg spuitmengsel vir onmiddellike gebruik aan. Die mengsel is stabiel vir omtrend 6 ure. Gebruikte spuitmengsel mag nie oornag gehou word nie.
- Reën of besproeiing binne 1 uur (of voor die spuitneerslag afgedroog het) van **NICOMAX 75 WG** toediening, mag resultate negatief beïnvloed.
- Dien net op onkruid in die aanbevole groeistadium toe.
- Moet nie **NICOMAX 75 WG** op gewasse toedien wat reeds simptome van grondgedraagte siektes wys nie, want die kombinasie van die siekte en die **NICOMAX 75 WG** toediening kan oesverliese veroorsaak.
- Tydelike blaarvergeling en/of vermindering in gewashoogte mag na toediening van **NICOMAX 75 WG** voorkom. Onder gunstige groeitoestande sal die gewas vinnig herstel en opbrengs behoort nie geaffekteer te word nie.
- Moet nie **NICOMAX 75 WG** op enige gewas of situasie toedien wat nie op hierdie etiket verskyn nie.
- Dien slegs met veilige en akkurate toedieningsmetodes toe.
- Indien **NICOMAX 75 WG** met ander middels in tenkmengsels gebruik word, moet die gebruiksaanwysings van daardie betrokke produkte gevolg word.
- Moet nie naby vrugtebome of enige ander gewenste gewas/plante spuit nie. Laat 'n afstand van ten minste 50 m in enige windrigting toe.

Faktore wat onkruidbeheer beïnvloed:

Wisselvalige onkruidbeheer of hergroei van onkruid mag voorkom as een of meer van die volgende toestande voorkom:

- **NICOMAX 75 WG** moet nie op gewasse en onkruid toegeëien word wat onderhewig aan stremming as gevolg van abnormale weer of groeitoestande, droogte, versuip-toestande, insek-skade, aalwurminfeksies, siektes, voedingstekorte of gewasse onder stremming as gevolg van die gebruik van ander landbouchemikalieë of vir 'n periode van 4 weke daarna nie.
- Indien die **NICOMAX 75 WG** toediening na die optimale groeistadium van die onkruid plaasvind.
- Moet nie **NICOMAX 75 WG** gedurende 'n kouefront toedien of indien 'n aankomende kouefront binne 24 uur voorspel word nie. Bespuitings moet eers weer gedoen word wanneer die nag/dag temperature weer na normaal vir die tyd van die jaar herstel het.
- Onvoldoende spuitbedekking op die onkruid waar die grond met groot kluite of klippe bedek is.
- In situasies van hoë onkruidigheid, maak seker dat alle onkruid goed met die spuitmengsel bedek word. In sulke omstandighede word hoër volumes met grondtoediening aanbeveel. Slegs onkruid wat binne die groeistadium is sal beheer word.
- Onkruid wat nie deur minimumbewerkings- of skoffelbewerkingsprogramme beheer is nie, sal nie beheer word nie.

WEERSTANDSWAARSKUWING

Vir weerstandsbestuur is **NICOMAX 75 WG** 'n groepkode B onkruid-doder. Enige populasie van 'n spesifieke onkruid mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **NICOMAX 75 WG**, of enige ander groepkode B onkruid-doder het. Indien hierdie onkruid-doders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruidpopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende onkruid sal waarskynlik nie deur **NICOMAX 75 WG** of enige ander groepkode B onkruid-doder beheer word nie.

Om weerstand teen onkruid-doders te vertraag:

- Vermoed die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van onkruid-doders met dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van, produkte in verskillende onkruid-doder-groepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in onkruidbestuurprogramme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

Die teenwoordigheid van sulke weerstandbiedende onkruid is moeilik om te bepaal voordat die onkruid-doder toegeëien word. Die registrasiehouer en verspreider kan dus nie verantwoordelikheid aanvaar vir enige verliese wat mag voortspruit uit swak onkruidbeheer van weerstandbiedende onkruidtipes nie. Waar weerstand bekend is, moet **NICOMAX 75 WG** nie alleen toegeëien word nie. Te lae dosisse **NICOMAX 75 WG** of ander groepkode B onkruid-doders sal lei tot onbevredigende onkruidbeheer wat kan bydra tot die ontwikkeling van onkruid-doderweerstand.

GEBRUIKSAANWYSINGS

Gebruik slegs soos aangedui.

MENGINSTRUKSIES

Voormeng die **NICOMAX 75 WG** soos volg:

- Tel die getal sakkies af wat benodig word volgens die aantal hektare wat behandel moet word en die kapasiteit van die spuittenk.
- Gooi die inhoud van die getelde sakkies in 'n emmer met water en meng dit om te verseker dat volle disintegrasie van die sakkies plaasvind en dat die inhoud in die water opgelos het.

Maak die spuittenk halfvol met geskikte water. Gebruik net water wat geskik is vir besproeiing en vermoed water met 'n hoë chloorinhoud. Stel die water se pH tussen 6,7 en 7,5 reg indien nodig. Vermoed water met 'n weerstand laer as 300 ohms of 'n geleidingsvermoë bo 1,0 mS/cm. Voormeng die benodigde hoeveelheid **NICOMAX 75 WG** met 5 – 10 liter spuitwater soos hierbo aangedui. Voeg die voormengsel by die spuittenk terwyl deurgaans geroer word. Spoel die mengemmer met water in die spuittenk uit. Voeg die benodigde hoeveelheid benatter in die tenk. Voeg laastens die venootmengsel soos benodig by. Maak die spuittenk tot by die finale volume vol. Roer goed om vermenging te verseker voordat die mengsel toegeëien word. As tenkmengsels met ander middels gemaak word, moet die betrokke vervaardiger se etiket gevolg word. **Die tenkmengsel moet onmiddellik uitgespuit word en nie**

toegelaat word om ornag in die spuittenk te staan nie. Die spuittoerusting moet aan die einde van toediening deeglik uitgewas word soos hierbo aangedui.

VERENIGBAARHEID

Die verenigbaarheid van **NICOMAX 75 WG** met ander produkte hang van die formulering van die betrokke produkte af, asook van die kwaliteit van die spuitwater. Deurdat formulering van tyd tot tyd verander word dit aanbeveel om 'n fisiese verenigbaarheidstoets uit te voer voordat die tenkmengsel gemaak word. **NICOMAX 75 WG** moet altyd saam met 'n geregistreerde nie-ioniese benatter soos Break-Thru of Zapp gebruik word. **NICOMAX 75 WG** is met atrazine 500 SC verenigbaar.

- **Moet nie NICOMAX 75 WG in kombinasie met organofosfaat insekdoders gebruik nie.**
- **Moet nie NICOMAX 75 WG toedien direk na plantvoortodienings van organofosfaat granulêre insekdoders soos terbufos en foraat nie.**

TOEDIENINGSMETODES

Maak seker dat die spuittoerusting korrek gekalibreer is en gaan gereeld gedurende die toediening na om te verseker dat die toediening egalig en akkuraat is.

GRONDTOEDIENING:

Rugsakspuite of 'n konvensionele spuitbalke kan gebruik word. 'n Totale spuitvolume van 200 – 400 liter/ha moet gebruik word en dit kan toegedien word met soliede- of holkeëlspuitpunte. **Die mengsel moet aanhoudend en deeglik geroer word tydens toediening.** Gebruik slegs skoon water vir toediening. Verhoed oortodiening deur oorvleueling van spuitbane te beperk en sluit die spuitpunte af wanneer die stelsel aangeskakel, stadig beweeg, draai en tot stilstand kom.

AANBEVELINGS

GEWAS	NICOMAX 75 WG (g/ha)	TOEDIENING
Mielies (uitsluitend saadmilies, suikermilies en springmilies)	60 g/ha NICOMAX 75 WG per ha PLUS nie-ioniese benatter teen aanbevole dosis	<p>Vroë na-opkoms toediening:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien na-opkoms toe bo-oor die mielies wat in die 2 – 5 blaarstadium moet wees. • Dien eenmalige toe sodra onkruid opgekrom het en aktief groei, maar nie groter as die maksimum aanbevole groeistadium is nie. • Moet nie gebruik waar organofosfaat-insekdoders op die gewas gebruik is of waar die gebruik vermoed word nie. <p>Laat na-opkoms toediening:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien toe as gerigte spuit wanneer die gewas in die 7 – 10 blaarstadium is. • Dien toe met val-arms om direkte bespuiting in die kelk te vermy. Verseker deeglike bedekking van die onkruidblare. • Dien toe wanneer onkruid ontkiem het en aktief groei, maar voordat hulle die maksimum aanbevole groeistadium bereik het. • Moet nie gebruik waar organofosfaat-insekdoders toegedien is of waar die gebruik van sulke middels vermoed word. <p>Algemeen: Optimale onkruidbeheer sal verkry word wanneer die produk toegedien word op aktief groeiende onkruid sonder stresfaktore. Hergroei van <i>Sorghum spp.</i> mag voorkom wanneer die mielies bewerk word binne 10 dae van toediening van NICOMAX 75 WG.</p>

Opmerkings

- **NICOMAX 75 WG** mag by normale atrasier 500 SC toedienings bygevoeg word soos nodig vir die beheer van *Sorghum spp.* In die proses sal alle/meeste breëblaaronkruid wat

normaalweg deur die atrasien 500 SC toediening beheer word met die mengsel van atrasien 500 SC plus **NICOMAX 75 WG** ook beheer word.

Mieliekultivars wat tolerant is teen **NICOMAX 75 WG** wanneer dit na-opkoms bo-oor die gewas tussen die 2 – 5 blaarstadium gespuit word. Die lys is nie volledig nie en ander kultivars mag tolerant wees. 'n Toetsbespuiting word in alle omstandighede aanbeveel.

GEEL KULTIVARS
PAN 6000Bt, PAN 6012Bt, PAN 6804, PAN 6114, PAN 6118, PAN 6026, PAN 6710, PAN 6734, PAN 6730, PAN 6364, PAN 6740, PAN 6310, PAN 6316, PAN 6314Bt, PAN 6326RR, PAN 6036Bt, PAN 6146, PAN 6480, PAN 6256, PAN 6616, PAN 6614, PAN 6568, PAN 6966 PHB 31B13, PHB 33A63, PHB 3335, PHB 33A14, PHB 33P66, PHB 3223, PHB 3394
WIT KULTIVARS
PAN 6011, PAN 6017, PAN 6615, PAN 6823, PAN 6013Bt, PAN6825, PAN 6845, PAN 6029, PAN 6757, PAN 6061, PAN 413, PAN 67 PHB 32Y52, PHB 32H39, PHB 3203

GRASONKRUIDE WAT DEUR NICOMAX 75 WG BEHEER SAL WORD :

<i>Sorghum bicolor subsp. drummondii</i>	Wildegraansorghum	(tot 7 blare)
<i>Sorghum halepense</i>	Johnsongras	(tot 7 blare)
<i>Sorghum bicolor subsp. arundinaceum</i>	Gewone wildesorghum	(tot 7 blare)
<i>Panicum schinzii</i>	Soetbuffelsgras	(tot stoel)
<i>Setaria pallide fusca</i>	Rooiborselgras	(tot 4 blare)
<i>Rottboelia cochinchinensis</i>	Tarentaalgras	(tot 4 blare)

BREËBLAARONKRUIDE WAT DEUR NICOMAX 75 WG BEHEER SAL WORD:

<i>Amaranthus thunbergii</i>	Rooi misbredie	(tot 4 blare)
<i>Amaranthus deflexus</i>	Meerjarige misbredie	(tot 4 blare)
<i>Cleome monophylla</i>	Rusperbossie	(tot 6 blare)
<i>Datura stramonium</i>	Stinkblaar	(tot 4 blare)
<i>Schkuhria pinnata</i>	Kleinkakiebos	(tot 3 blare)
<i>Tagetes minuta</i>	Kakiebos	(tot 4 blare)
<i>Tribulus terrestris</i>	Dubbeltjie	(tot 4 blare)